Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2021

EKONOMIE V1 (EKSEMPLAAR)

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK.

   - AFDELING A: VERPLIGTEND
   - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

3. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

4. Lees die vrae noukeurig en begin elke vraag boaan ’n NUWE bladsy.

5. Laat 2−3 reëls oop tussen onderafdelings van vrae.

6. Beantwoord vrae in volsinne en maak seker dat die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde voldoen aan die kognitiewe vlakke van die vrae.

7. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Meer antwoorde as die vereistes aantal, sal NIE nagesien word NIE.

8. Gebruik slegs swart of blou ink.

9. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.

1.1.1 ’n Sistematiese rekord van alle transaksies tussen een land en ander lande binne ’n spesifieke tydperk, word ’n ... genoem.

A betalingsbalans
B ruilvoet
C lopende rekening
D buitelandse valuta-mark

1.1.2 Vergelykende koste voordeel toon dat wêreld-uitset kan toeneem as lande ...

A tariewe instel.
B die gebruik van tegnologie beperk.
C spesialiseer in wat hulle die beste doen.
D werkers beskerm.

1.1.3 Die Lafferkromme toon die verhouding tussen ...

A inkome en uitgawes.
B nominale en reële syfers.
C belastinginkome en belastingkoers.
D belastinginkome en lone.

1.1.4 ’n Aanduiding van langtermyn groei in die ekonomie word ... genoem.

A tendenslyn
B amplitude
C ekstrapolasie
D trog

1.1.5 Totale aanbod kan gestimuleer word deur middel van ’n regeringsbeleid van ...

A verlaging in produktiwiteit van produksiefaktore.
B vermindering van produksiefaktore
C ’n beperking op die doeltreffendheid van insette.
D ’n verbetering in die doeltreffendheid van markte.

1.1.6 Nasionale inkome sal afneem wanneer ...

A G + I + X = S + T + M
B G + I + X < S + T + M
C G + I + X > S + T + M
D S + T + M < G + I + X

1.1.7 Die mark vir korttermyn en baie korttermyn spaargeld en lenings is ...

A kapitaalmark.
B reële mark.
C nominale mark.
D geldmark.

1.1.8 'n Belasting is regressief as ...

A die gemiddelde belastingkoers dieselfde is vir alle belastingbetalers.
B dit 'n groter persentasie van die inkomste van verdieners met 'n lae inkomste neem as dié met 'n hoër inkomste.
C 'n algemene belasting in elke eenheid van die produk gehef word.
D mense met 'n hoër inkomste 'n groter persentasie van hul inkomste aan belasting betaal as mense met 'n laer inkomste.

(8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die korrekte letter (A−I) langs die vraagnommers (1.2.1−1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Kapitaalmark	A	sluit biblioteke, gesondheidsdienste,navorsingsprogramme en onderwys in
1.2.2	Reële syfers	B	waar hulpbronne nie weer toegedeel kan word om een individu beter daaraan toe te maak sonder om ten minste een persoon slegter daaraan toe te laat
1.2.3	Sloerende-aanwysers	C	toegelaat om op markkragte binne sekere perke te reageer
1.2.4	Beheerde wisselkoerse	D	verander nie tot ná die sakesiklus verander het nie
1.2.5	Spesiale tekenregte	E	waar langtermyn fondse geleen en gespaar word deur verbruikers en sakeondernemings
1.2.6	Pareto-doeltreffendheid	F	voorgeskryf deur die Verenigde Nasies om die bruto binnelandse produk saam te stel
1.2.7	Stelsel van nasionale rekeninge	G	verander nie rigting totdat die sakesiklusrigting verander het nie
1.2.8	Meriete goedere	H	'n vorm van krediet wat die IMF kan gebruik vir 'n konstante onewewigtigheid
		I	ook bekend as die nasionale produk teen konstante pryse

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term/woord vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term/woord langs die vraagnommers (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Akronieme en afkortings sal NIE as antwoorde aanvaar word NIE.

1.3.1 ’n Doelbewuste toename in die waarde van die geldeenheid in terme van 'n ander geldeenheid

1.3.2 Belastings wat nie na die eindverbruiker afgeskuif word nie

1.3.3 Waarde van alle finale goedere en dienste wat deur die permanente inwoners van ’n land, in ’n spesifieke tydsperiode, geproduseer word

1.3.4 Druk ’n land se uitvoerpryse in terme van sy invoerpryse uit

1.3.5 Die vloei van goedere en dienste tussen die deelnemers aan ’n ekonomiese kringloop

1.3.6 Onttrekking van kapitaalinvestering uit ’n maatskappy of uit ’n land (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE doelwitte van voorwaardelike-toelaes aan munisipaliteite. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom is dit nie moontlik om individue by die gebruik van openbare goedere uit te sluit nie? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



(Bron: www.google.com)

2.2.1 Gee 'n alternatiewe term vir herstel (groei) soos voorgestel vanaf trog tot piek. (1)

2.2.2 Wat word van piek-tot-piek of trog-tot-trog gemeet? (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term reële *BBP.* (2)

2.2.4 Verduidelik die regeringsbeleid wat die sentrale bank kan gebruik om die bedryfsiklusse gladder te maak as die ekonomie op die hoogste punt is. (2)

2.2.5 Waarom word endogene faktore as 'n oorsaak van die sakesiklusse beskou? (4)

2.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

R-MILJARD			
LOPENDE REKENING	**2016**	**2017**	**2018**
Goedere uitvoer	1 074	1 089	1 056
Netto goud uitvoere	50	68	77
Goedere invoer	1 066	1 106	1 158
Handelsbalans	58	51	-25
Netto dienste, inkome en lopende oordragbetalings	-150	-181	-204
Saldo op die lopende rekening	-92	-129	**2.3.5 ??**

[Bron: *SARB QB, DES. 2018*]

2.3.1 Noem EEN ander rekening van die betalingsbalans. (1)

2.3.2 Noem 'n rede hoekom netto goud uitvoere apart van die ander uitvoere aangeteken word. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die begrip *lopende oordragte.* (2)

2.3.4 Verduidelik die gebruik van onaangetekende transaksies in die betalingsbalans. (2)

2.3.5 Bereken die saldo op die lopende rekening vir 2018. (4)

2.4 Bespreek die vermenigvuldiger en die uitwerking daarvan op die nasionale inkome indien die marginale verbruik geneigdheid (MVG) 0,6 is en investering met R10 miljard toeneem. Toon ALLE berekeninge. (4 x 2) (8)

2.5 Hoe word die Suid-Afrikaanse ekonomie deur die uitwerking van internasionale handel beïnvloed? (8)

[40]

VRAAG 3

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem TWEE items wat betrokke is by die omskakeling van BBP teen faktorkoste na BBP teen basiese pryse. (2 x 1) (2)

3.1.2 Watter uitwerking sal die depresiasie van die rand op die vraag na buitelandse goedere hê? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: sites.google.com/site/maeconomicsku]

3.2.1 Wat word in bostaande diagram voorgestel? (1)

3.2.2 Noem 'n voorbeeld van *geldvloei*. (1)

3.2.3 Verduidelik kortliks die begrip *faktormark.* (2)

3.2.4 Verduidelik kortliks die rol van besighede in die ekonomie. (2)

3.2.5 Hoe kan Buitelandse Direkte Investering die nasionale inkome beïnvloed? (4)

3.3 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

[Bron: www.google.com]

3.3.1 Noem enige EEN begrotingsplan waaroor die regering toesig hou. (1)

3.3.2 Met watter uitdaging het die regering te doen, soos voorgestel? (1)

3.3.3 Beskryf die term *begroting*. (2)

3.3.4 Waarom sal 'n verhoging in die belastingkoers nie noodwendig staatsinkomste verhoog nie? (2)

3.3.5 Hoe kan die regering bestuursmislukking effektief verminder? (4)

3.4 Bespreek vryswewende wisselkoerse. (4 x 2) (8)

3.5 Evalueer die impak van ’n afgradering van Suid-Afrika se kredietgradering op die ekonomie. (8)
[40]

VRAAG 4:

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE vraagfaktore vir buitelandse valuta. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoekom word huishoudings as 'n belangrike deelnemer in die ekonomiese kringloop beskou? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



4.2.1 Wat is die oorspronklike ewewigswisselkoers in bostaande grafiek? (1)

4.2.2 Wat het met die waarde van die Rand gebeur toe pryse van R17 na R18 verander het? (1)

4.2.3 Beskryf die begrip *depresiasie van 'n geldeenheid.* (2)

4.2.4 Verduidelik hoe beheerde wisselkoerse onewewigtigheid in die betalingsbalans regstel. (2)

4.2.5 Hoe sal die depresiasie in die waarde van 'n geldeenheid, besighede beïnvloed? (4)

4.3 Lees die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

NASIONALE REKENINGE

Jaar	Nominale BBP (R-miljard)	Reële BBP (R-mijard)
2015	4 049 759	3 008 436
2016	4 336 988	3 009 860

[Bron: QB March 2017]

4.3.1 Watter jaar word tans deur die Reserwebank as die basisjaar gebruik? (1)

4.3.2 Noem enige instelling wat die data in bostaande tabel saamstel. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die begrip *konstante pryse.* (2)

4.3.4 Verduidelik die verskil tussen *nominale BBP* en *reële BBP*. (2)

4.3.5 Bereken die BBP-deflator vir 2016. Toon ALLE berekeninge. (2 x 2) (4)

4.4 Bespreek produksie en besteding as metodes om Bruto Binnelandse Produk (BBP) te bereken. (2 x 4) (8)

4.5 Hoe kan vryhandel tot 'n meer doeltreffende ekonomie bydra? (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die volgende TWEE vrae in hierdie afdeling.

Jou antwoord sal as volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding • 'n Goeie begin sal wees om die begrip of sleutelwoord wat in die vraag gebruik word, te definieer. • Sluit ander sinne in om die onderwerp te ondersteun. • Moenie enige gedeelte van die vraag in jou inleiding insluit nie. • Moenie enige gedeelte van die inleiding in jou inhoud herhaal nie. • Vermy om in die inleiding te sê wat jy in die inhoud gaan bespreek	Maks. 2
Inhoud **Hoofgedeelte:** Bespreek in detail/In-diepte bespreking/Ondersoek/ Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/ Verduidelik/Assesseer/Debatteer	Maks. 26
Addisionele gedeelte: Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/ Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe/Stel voor/Gebruik die inligting en argumenteer, debatteer, evalueer.	Maks. 10
Slot • Die slot is 'n opsomming van die bespreking van die onderwerp in die hoofgedeelte en behoort as 'n hoër orde antwoord gesien te word. • Die slot kan in die vorm van 'n eie mening wees, met voorbeelde om die bespreking te staaf of teen te staan – siening van wat bespreek is. • Geen aspek van die inleiding of die hoofgedeelte mag in die slot ingesluit wees nie.	Maks. 2
TOTAAL	**40**

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE

- Bespreek, in detail, die hoofdoelwitte van die regering ten opsigte van die ekonomie. (26 punte)
- Hoe kan privatisering aangewend word om die uitdagings van die stadige dienslewering in Suid-Afrika aan te spreek? (10 punte)

VRAAG 6: MAKRO-EKONOMIE

- Bespreek, in detail, die vraagkantbeleide in die gladstryk van sakesiklusse. (26 punte)
- Hoe kan 'n monetaristiese sienswyse aangaande regeringsbeleide 'n inkrimping van die sakesiklus tot gevolg hê? (10 punte) **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou